

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

09.01

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Port Elizabeth (Moeder)

Titel van Projek: Kensington Koninkryksprojek


3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
	Eugene Malan
Posadres:	Posbus 15111, Emerald Hill, PE, 6011
E-pos:	eugene@pehoogland.co.za
Faks:	
Tel. (k):	041 3671485
Tel (h):	041 3661116
Selfoon:	083 299 8100

	5 Augustus 2014
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____ Wicus Wait _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van ___Port Elizabeth___, dat hierdie projek op ___12 Augustus 2014___ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	2014-09-23
---	------------

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die doel van die Kensington Koninkryksprojek is om die NG Kerk Kensington Gemeente te bemagtig vir haar roeping om sigbare koninkrykswerk in die uitdagende omstandighede in die onmiddellike omgewing van die gemeente te doen. Die gemeente voel geroepe om 'n luisterende omgeekerk in die samelewing te wees. Die gemeente is uitgedaag om by die mense in hulle nood te wees. Om dus nie van buite af en van 'n afstand af met klaar uitgewerkte projekte na die gemeenskap te kom nie, maar om in die gemeenskapskap, al luisterend die Koninkryk vir desperate mense sigbaar te maak en vir hulle hoop in hulle omstandighede te gee. Die nood strek van uiterse armoede en gebrek aan voedsel en lewensmiddele, tot dwelmverslawing. Die gemeente het vergesigte van ekstra klasse vir skoolkinders in hulle kerksaal, 'n voltydse pastorale diens vir die rehabilitering van verslaafdes en ander probleme, die verskaffing van gesonde kos op 'n gereelde basis, 'n "vibrant" kinderkerk op weeklikse basis en 'n jaarlikse avontuurweek vir die kinders gedurende die September skoolvakansie. Die nood sal fyner geïdentifiseer word waar daar op voetsoolvlak in die gemeenskap beweeg en verhoudinge gebou word. Die gemeente droom verder oor hulle kerkgebou wat optimaal benut kan word om 'n baken van lig en hoop regdeur die week in die gemeenskap kan wees.

Om hierdie roeping en drome uit te leef, het Kensington se Kerkraad besluit om met twee projekte in 2015 te begin. Die eerste projek is dié van 'n voltydse voedingskema en die tweede is die Kinderbediening.

Voedingskema:

Die doel van die Voedingskema is om vir mense uit die gemeenskap wat voedselgebrek het, op 'n drie-maaltye-per-week basis van 'n gebalanseerde maaltyd te voorsien. Hierdie maaltye sal of by die gemeentesentrum geniet kan word, waar daar voorsiening gemaak sal word vir 'n "eetsaal", of dit sal, op versoek, na behoeftiges se huise in die nabye area geneem word. Terwyl geen kompensasie ver wag sal word as voorwaarde vir die maaltyd nie, sal deelname aan 'n herwinningsprojek aangemoedig word as aansporing om iets terug te ploeg. Met die herwinbare materiaal kan die projek kreatief wees: dit kan gebruik word vir die vervaardiging van kratiewe artikels wat weer ten bate van die behoeftiges en die projek verkoop kan word, of dit kan bloot na herwinningsorganisasies gestuur word. Waar mense vir die maaltye opdaag, sal ander behoeftes ook geïdentifiseer kan word. Die projek sal organies groei namate hierdie behoeftes aangespreek word. Hier kan gedink word aan geletterdheidsklasse, rekenaar-klasse, ens. Daar sal deurgaans klem geplaas word op geloofsvorming deur aan die geestelike nood aandag te skenk en deur mense aan die Christelike geloof en – geloofsdissiplines (gebed, Skriflesing, ens.) bekend te stel. Die doel van die projek is die herstel van mense se waardigheid.

Kinderkerk en Avontuurweek:

Die doel van Kinderkerk is om weekliks, op 'n Sondagoggend 'n geleentheid vir kinders van die gemeenskap te bied om tydens die oggenddiens in die Kerksaal saam te kom met die doel om aan hulle die Evangelie op bevatlike en kreatiewe wyse te verkondig, asook om aan hulle iets te ete te gee. Hiermee wil die gemeente na die kinders in die gemeenskap uitreik deur werklik vir hulle om te gee. Die doel van die Avontuurweek is om tydens die Septembervakansie 'n week (Maandag tot Vrydag) by die kerkkompleks vir die kinders van die gemeenskap aan te bied. Die week sal 'n program met Christelike inhoud gevolg word waar die kinders op kreatiewe wyse met die Evangelie gedien sal word. Vir hierdie doel sal leiers opgelei moet word, 'n program uitgewerk moet word en materiaal gevind moet word vir die aanbied van die program. Hier kan gedink word aan drama, "art & craft", speletjies, Bybelstudie en sang & musiek.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die gemeente (Kensington) sal, vanuit die uitleef van hulle roeping, oor 'n tydperk groei om volwaardig lewensvatbaar te wees om sodoende 'n steeds groter rol in die gemeenskap te speel. Die Kerk se getuigenisrol in die wêreld sal hierdeur versterk word.

Behoeftige mense in die onmiddellike omgewing en by die plaaslike aftree-oord sal by die Voedingskema baat. Soos ander behoeftes geïdentifiseer word, sal meer mense uit die gemeenskap geraak word.

Laer- en Hoërskoolkinders in die omgewing sal by die weeklikse kinderkerk en die jaarlikse Avontuurweek baat. Hier kan veral op die skole in die buurt gefokus word deur sterk met hulle saam te werk. Hopelik sal hierdie skole positief beïnvloed word deur die Avontuurweek. Huishoudings waar kinders tuisgaan, sal positief beïnvloed word waar kinders weekliks onder die klank van die Evangelie staan. Deur die kinders sal die groter gemeenskap gedien word met Christelike waardes.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases (Voedingsprojek)	Tydsverloop
Gesprekvoering en visioenering met rolspelers	Sept-Okt 2014
Opstel van besigheidsplan en identifisering van verantwoordelike persone	Okt-Nov 2014
Opleiding van projekspan en gereedkry van kombuis en eetsaal	Nov 2014-Feb 2015
Implementering	Maart 2015
Evaluering (jaarliks)	Okt 2015

Stappe / Fases (Avontuurweek)	Tydsverloop
Gesprekvoering en visioenering met rolspelers	Okt 2014
Opstel van besigheidsplan, begroting en identifisering van verantwoordelike persone, en saamstel van program	Okt-Des 2014
Opleiding van projekspan en aankoop van toerusting	Okt-Des 2014
Implementering	Januarie 2015
Evaluering	Oktober 2015

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek nodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede (Voedingskema)	Van waar (gemeente, ander)
Diens van Barmhartigheid - lidmate	Gemeente
ACVV-verteenwoordigers	ACVV
Advisieure van Anchor of Hope	Anchor of Hope
Lidmate uit Ringsgemeentes	Ringsgemeentes

Name van Lede (Kinderkerk en Avontuurweek)	Van waar (gemeente, ander)
Skoolhoof	Laerskool Môrewag
Jeugwerkers	Gemeentes: Somerstrand/Lorraine/Hoogland
ACVV-verteenwoordigers	ACVV
Hoërskoolleerders	Hoërskool DF Malherbe

Begaafde lidmate	Kensington gemeente
------------------	---------------------

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting (Voedingskema)	Hoeveelheid
Rekenaar (Databasis en kommunikasie)	1
Wi-fi	
Tafels, stoele, tafeldoeke, borde, eetgerei, koppies, glase	
Herwinningshouers	
Gasstoof	
Yskas en Vrieskas	
Potte, Panne, Snyborde, Messe, Spane	
Houers vir vervoer van maaltye	

Beskrywing van toerusting (Avontuurweek)	Hoeveelheid
Rekenaar (Registrasie, woordverwerking, ens.)	
Materiaal	
Hulpmiddels	
Verversings	
Klank/Musiek	
Versiering/Decor	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die toerusting sal bepaal word deur die identifisering van die aard van die hulp, bv. Tafels en stoele vir ekstra lesse; Spreekkamer vir pastorale gesprekke, ens. Intussen sal die kerkgebou aandag kan geniet in terme van die uitnodigende voorkoms daarvan as 'n baken van hoop vir die gemeenskap.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Die gemeente beskik oor 'n klein belegging wat as neseier behou word.	
Die gemeente hou jaarliks 'n basaar, Kersooffer, gemeente-etes en deurlopende verkope om fondse in te samel.	
Daar word nie tans genoeg fondse gegenereer vir die volhoubare uitvoering van die bediening in die gemeenskap nie.	
Daar sal beslis 'n sterk poging wees om besighede en ander organisasies te nader vir borgskappe en skenkings.	
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem (Voedingskema)	Bedrag
• Reiskoste	R2 000
• Kombuistoehore (Yskas, gasstoof, kookbenodigdhede, skoonmaakmiddels)	R25 000
• Rekenaaruitgawes en Wi-fi	R6 000
• Gas en elektrisiteit	R15 000
• Sekuriteit	R2 500
• Telefoon	R12 000
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
Bemarking en banniere	R6 000
Verf en arbeid om gebou op te knap	R20 000
Hulp met etes: 100 etes per dag, X3 dae per week = 15 600 etes per jaar, plus ten minste 100 etes ekstra vir Kersfees: Totaal: 15 700 etes per jaar @R20 per ete	R314 000
TOTAAL:	R402 500

Begrotingsitem (Kinderkerk en Avontuurweek)	Bedrag
• Programaanbieding	R10 000
• Honoraria (Human Hearts) en toerusting	R5 000
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	R5 250
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	R20 250

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R422 750
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R22 750
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R400 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
-------	--------

November 2014	R50 000
Februarie 2015	R150 000
Junie 2015	R100 000
September	R100 000

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Moontlik Kensington gemeente. 'n Rekening sal moontlik vir die projek geopen word.

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Daar sal 'n gesprek gevoer kan word oor die samewerking tussen Parkheuvel en Kensington om hierdie projekte gesamentlik te behartig aangesien hulle in dieselfde gemeenskap werksaam is.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc

Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf